

Titel: Woord van vertroosting
Pastor: Fred May
Datum: 23 Mei 2010
Tyd: 10:00



Jesaja 40:1-2 OV

¹ Troos dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes.

a: Om genade te vind

Hebreërs 4:16 OV

¹⁶ Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

1: Sien God in vel omhul

- empatie – Hy voel my aan
- simpatie – Hy voel vir my
- kyk in oë van genade – sonde of swakheid?

2: Kies vertrouwe bo vrees

Mattheus 7:21-23 NV

²¹ Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. ²² Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bese geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' ²³ Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.

- van verwerping en teregwyding
- gebrokenheid – kinderlike nederigheid

Jakobus 4:6 NV

⁶ Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy: "God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade."

- naakte deursigtigheid

II Korinthiërs 12:9 NV

⁹ Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.

- roekelose eerlikheid

Romeine 5:20 NV

²⁰ Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorfloediger het die genade geword.

- verantwoordelikheid

Romeine 6:14 NV

¹⁴ Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.

3: Maak ruimte vir mense

Romeine 3:10-11, 23 NV

¹⁰ Daar staan immers geskrywe: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, ¹¹ daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie.

²³ Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie,

- kyk deur die bril van genade wat ALMAL insluit
- mens-priester of god-priester?

Hebreërs 5:2 NV

² Hy kan meegevoel hê met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self aan swakheid onderhewig is.

(praat sagkens, hanteer versigtig)

- ontlai eers in die hemel bewys dan liefde op aarde

Efesiërs 4:31-32 NV

³¹ Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. ³² Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

4: Raak van die optelmasjien en die aantekeningboek ontslae

- die lewe is nie regverdig nie omdat God goed is

Mattheus 20:8-16 NV

⁸ Toe dit aand word, sê die eienaar van die wingerd vir sy voorman: 'Roep die arbeiders en betaal hulle hulle loon. Begin by die laastes en eindig by die eerstes. ⁹ Dié wat teen vyfuur gehuur is, kom toe en kry elkeen die gewone dagloon. ¹⁰ Die mense wat eerste gehuur is, het gedink hulle sou meer kry, maar toe hulle aan die beurt kom, kry hulle ook elkeen die gewone dagloon. ¹¹ Hulle vat toe die geld maar begin by die eienaar kla ¹² en sê: 'Hierdie laastes het net een uur gewerk, en nou betaal u hulle dieselfde loon as vir ons wat die hele dag hard gewerk het in die warm son.' ¹³ Maar hy antwoord een van hulle: 'Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir die gewone dagloon nie? ¹⁴ Vat jou geld en gaan huis toe. Ek wil vir hierdie laaste een dieselfde gee as vir jou. ¹⁵ Mag ek dan nie met my geld maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is?' ¹⁶ So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste.

- slegs die onwaardiges is waardig

I Korinthiërs 11:27-29 NV

²⁷ Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. ²⁸ Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, ²⁹ want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself.

- nie vir vrate nie, maar vir dié wat honger is

Mattheus 5:6 NV

⁶ Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.

Romeine 5:17 OV

¹⁷ Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorfloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.